Swartlandskou 2024 - SA Vlaamperd Kampioenskappe

~ Keanu Moolman

In 1983 is die SA Vlaamperd Telersgenootskap gestig, en tot vandag toe bly dit 'n onafhanklike ras. Volgens kenners en betroubare bronne is daar algemene konsensus dat daar sedertdien heelwat verbeteringe aangebring is aan die Vlaamperd, veral wat fenotipe, konformasie, en bouvorm betref. Hierdie veranderings was duidelik waarneembaar by die 2024 SA Nasionale Kampioenskappe te Swartlandskou - Moorreesburg.

Alhoewel die Vlaamperd in die tuig en onder die saal geskou word, word hulle ook in die hand vertoon! In die spesifieke afdeling - Handklasse - word daar met deeglikheid beoordeel deur na bouvorm, konformasie, aksie en algehele voorkoms van die dier te kyk!

Op Swartland Landbouskou (2024 Nasionale Kampioenskappe) was daar natuurlik ook kampioene aangewys:

Vul van die jaar - 2024

- Brandenburg Johnny Walker
- Eienaar: Wilhelm van Wyk

SA Vlaamperd Junior Hings

- Sluyswyk Hilton
- Eienaar: Herman Burger (Sluyswyk Stoet)

SA Vlaamperd Junior Merrie

- Spansaam Heidi
- Eienaar: Pieter Louw (DesVu Stalle)

SA Vlaamperd Groot Kampioen Hings

- Enkelvlei Klaus
- Eienaar: Colene van der Merwe

SA Vlaamperd Groot Kampioen Merrie

- Twee Palms Grace
- Eienaar: Koela Smit (Twee Palms Stoet)

Met die handklasse afgehandel, op die Woensdag van die skou-week, was daar volstoom die res van die week met kwalifiserende-, sowel as kampioenskap klasse aangegaan!

Aangesien die standaard van die perde elke jaar verbeter, was die jaar se Nasionale kampioenskappe in al die verskillende afdelings baie uitdagend gewees. Elke perd moes gewerk, gery of getrek het om sy plek in die ererondte te verdien.

Daar is nuwe kampioene aangewys en sekere reeds- SA Kampioene het weereens gewys hoekom hulle die titel 'SA Kampioen' verdien!

Die Vlaamperd Junior Siertuig Kampioenskap was nogal ‘n 'kom-kyk-my' kampioenskap, soos hulle sê...

Die jongperde het verseker mekaar uitgedaag... Almal om die baan het hulle wenners gekies, en op oulaas, het die 2023 SA Junior Siertuig Kampioen weereens die pronktondte gelei vir die huidige jaar.

Sluyswyk Pepper - Teler en Eienaar: Herman Burger (Sluyswyk Stoet).

Die SA Junior Enkeltuig Kampioenskap het later Saterdag plaasgevind, waar Sluyswyk Hilton, ‘n besondere jong Vlaamperd, in die eiendom en geteel deur Herman Burger, wat geen bekendstelling in die Vlaamperdgeledere nodig het nie, óók vir die 2de keer die pronkrondte gelei.

Die SA Senior Siertuig Kampioenskap was al reeds die Vrydag van die skou, afgehandel. Dit was ‘n interessante kampioenskapklas gewees, maar die kampioen - Sluyswyk Jaguar (Vertoon en geteel deur Herman Burger) - het wééreens vir die 3de keer sonder twyfel voor getrek. Jaguar skou uit Sluyswyk stalle en Francois Roux is die trotse eienaar van hom! Jaguar het oor die jare ‘n indrukwekkende rekord opgebou: drie keer SA Senior Siertuig Kampioen, drie keer SA Damessiertuig Kampioen en twee keer SA Junior Siertuig Kampioen. Helaas het Jaguar sy laaste jaar as Junior perd gemis weens die Covid-pandemie.

Rosenberg Buxie, vertoon deur Mariza Victor vir die eienaar Martin Eksteen het kort op Jaguar se hakke die pronkrondte uitgedraf.

Saterdag- middag het die dames hulle rokke aangetrek en soos oudergewoonte die SA Vlaamperd Dames Siertuig, wat self ‘n groot kampioenskap en baie bekend is, betree. Soos met die SA Senior Siertuig Kampioenskap was Sluyswyk Jaguar, vertoon deur Marlize Roux vir die eienaar Francois Roux, as Groot Kampioen aangewys. Rosenberg Buxie het as Reserwe Kampioen uitgetrek, met ń baie bekwame drywer, Mariza Victor agter die lysels. Martin Eksteen, ook baie bekend in die Vlaamperd kringe, en jare lange eienaar van die uitsonderlike perde, is kurator van Buxie.

Enige Enkeltuigkampioenskap, ongeag die perd se ras, is altyd ’n hoogtepunt.

Saterdag na-middag, het die Vlaamperd bewonderaars en mense soos ‘n eenheid langs die baan gestaan en die vertoners en perde met skreeuende stemme en opgewonheid aangehits.

Op oulaas het Patat Tony - vertoon deur Stephan Basson - voorgetrek en die pronkrondte gelei. Tony het ook as Junior perd in 2018 , die SA Groot Kampioenskap in die Enkeltuig -afdeling gewen. Dit was vir sy eienaar, Erna Basson ‘n groot prestasie... Sy het al vir jare groot drome vir Tony. Die oomblik het sy en haar gesin werklik waardeer. Martin én Van Wyk Saayman het die afgelope jaar baie tyd in hom belê. Hulle was ook die eienaars van Tony vir ‘n tydperk.

Rosenberg Ruben het as Reserwe Groot Kampioen in die Senior Enkeltuig Kampioenskap uitgetrek. Ruben word met baie trots deur Dillan Burden (Dilantie Stalle) besit. Die Burdens is baie geliefde mense in die bedryf! Almal het soveel waardering vir hulle wat al die pad van Springbok, in die Noord-Kaap kom, om te skou. Hulle skrik verseker nie vir ń paar honderd kilometers op die pad nie.

’n Dubbeltuig verwys na twee perde wat langs mekaar ingespan word. Tandem beteken twee perde wat agter mekaar ingespan is. ’n Vierspan bestaan uit twee perde voor en twee perde agter, wat agter mekaar ingespan is en 'n agtspan behels vier pare perde wat agter mekaar aan weerskante ingespan is.

Dit verg groot kundigheid en verantwoordelikheid van diegene wat betrokke is om die regte perde en inspanningstegnieke toe te pas. Vlaamperde, wat bekend is vir hul krag en indrukwekkende trekvermoë, het weer hul merk gemaak by die jaarlikse Swartlandskou. Hul vertonings was skouspelagtig, en hulle het met soveel dryf getrek dat die salpeter soos sneeu op hulle lywe gelê het terwyl hulle vir hul plek in die ererondte geveg het.

SA Vlaam Junior Kampioen Dubbeltuig

- Kampioene: Sluyswyk Pepper en Sluyswyk Hilton (Eienaar en Vertoner, Herman Burger)
- Reserwe Kampioene: Rosenberg Gypsey en Rosenberg Magriet (Eienaar - Martin Eksteen, Vertoon deur Bettie Uys)

SA Vlaam Groot Kampioen Dubbeltuig

- Kampioene: Trixie en Rinda (Eienaar - Martin Eksteen, Vertoon deur Bettie Uys)
- Reserwe Kampioene: Tiaan en Roy (Eienaar en Vertoner - Hoffie van Blerk)

SA Vlaam Damesdubbeltuig

- Kampioene: Tiaan en Roy (Eienaar - Hoffie van Blerk, Vertoon deur Alicia Pretorius)
- Reserwe Kampioene: Rinda en Trixie (Eienaar - Martin Eksteen, Vertoon deur Bettie Uys)

SA Vlaam Junior Kampioen Tandem

- Kampioene: Margeriet en Gypsy (Eienaar - Martin Eksteen, Vertoon deur Bettie Uys)

SA Vlaam Groot Kampioen Tandem

- Kampioene: Rosenburg Ruben en Luasanne Zues (Eienaar en Vertoner - Dillan Burden)
- Reserwe Kampioene: Buxie en Trixie (Eienaar - Martin Eksteen, Vertoon deur Bettie Uys)

SA Vlaam Junior Kampioen 4-span

- Kampioene: Sluyswyk Lillibeth, Kate, Blackbird en Trixie (Span van Herman Buger en Oubaas Lesch, Vertoon deur Piet Lourens)

SA Vlaam Senior Kampioen 4-span

- Kampioene: Tiaan, Roy, Vrystaat en Brandus (Eienaar en Vertoner - Hoffie van Blerk)
- Reserwe Kampioene: Lulu, Claire, Clara en Leja (Eienaar en Vertoner - Jurie Uys)

Ons wil graag die 8-spanne uitsonder, aangesien die bestuur en inspan van ’n 8-span wa ’n ongelooflike intense en uitdagende taak is. Dit verg deeglike beplanning, baie tyd, en harde werk. Vir die meeste betrokkenes is dit ‘n spanningvolle ervaring wat diep asemhalings vereis om die beste uit die stresvolle situasie te maak. Vanjaar, tydens die SA’s te Swartlandskou, was daar drie 8-spanne wat opgetree het en gesorg het vir ’n toneel wat kinders en volwassenes met bewondering dopgehou het. Die “wow”-oomblikke was volop, aangesien hierdie vertonings selde gesien word en altyd ’n groot trekpleister is.

Jurie Uys se span het vanjaar met die Kampioen-titel die ererondte gelei, terwyl Martin Eksteen se span as Reserwe Kampioene gekroon is. Hoffie van Blerk se span het ook goed gevaar en kort op die hakke van die Kampioen- en Reserwe Kampioen-spanne gevolg.

Elke klas toets die perde se krag, gehoorsaamheid en samewerking, terwyl die ruiter se vaardigheid om die perde te koördineer ook onder die loep geneem word. Die Vlaamperde word hoog aangeskryf vir hul uithouvermoë... Hierdie eienskap verwys na die perd se vermoë om langdurige fisiese inspanning vol te hou sonder om te moeg te raak of in prestasie te verswak.

Die skou-ryklasse is altyd een van die hoogtepunte van enige skou, waar ryperde hul vaardighede en styl in verskeie kategorieë ten toon stel. Hierdie jaar by SA Kampioenskapskou, was die ryklasse, soos gewoontlik, indrukwekkend, met hoogtrap-perde wat in hul volle glorie die skare verstom het. Die Vlaamperd-ras, bekend vir hul elegante gang en majestueuse houding, het elke rondte met indrukwekkende sterkte voltooi.

Die perd, Tango, wat vertoon is deur Riana Valentine vir die eienaar - Krige Liebenberg, het vanjaar die SA Groot Kampioen 3-gang behaal. Enkelvlei Klaus, wat geen bekendstelling nodig het nie, is bekroon as die Reserwe SA Groot Kampioen 3-gang perd. Charlene Grevelink het Klaus met groot sukses geskou. Klaus het ’n groot deel van sy lewe onder die hand van Piet Lourens geskou, waar Colene van der Merwe ook onlangs die geleentheid gekry het om met trots sy nuwe eienaar te wees. Hulle geniet hom vir wie hy as perd is, en het ’n diep waardering vir sy unieke eienskappe en karakter.

In die SA Groot Stap/Draf Kampioenskap is Joel met perfeksie deur Van Wyk Saayman vertoon en as die Kampioen bekroon vir die eienaar Alicia Pretorius. Langs die baan is daar met baie positiewe terugvoer beklemtoon hoe goed Van Wyk die perd geskou het. Enkelvlei Klaus, weereens met groot sukses vertoon deur Charlene Grevelink, het as die Reserwe SA Groot Kampioen Stap/Draf-titel uitgery vir die eienaar Colene van der Merwe.

Aangesien die Vlaamperde rustige, beheerde geaardhede het stel dit kinders in staat om gemaklik te voel, terwyl hulle die fondament van ry- en dryftegnieke aanleer. Die geduld en gehoorsaamheid van hierdie perde maak hulle maklik hanteerbaar, wat selfvertroue by jong deelnemers aanmoedig.

Daar is ’n groot aanvraag vir Vlaamperde in kinderkompetisies, aangesien hulle nie net sterk en indrukwekkend is nie, maar ook liefdevol en vriendelik teenoor jong ruiters is. Hul vermoë om kalm te bly in verskeie situasies, tesame met hul natuurlike vermoë om saam met kinders te werk, maak hulle eintelik perfek vir die doel...

SA Vlaam Siertuig ruiter 0/12 met hulp

- Kampioene: Enkelvlei Eddie (Eienaar - Paul Niewoudt, vertoon deur Kiala Viljoen)
- Reserwe Kampioene: Boetie (Eienaar - Kiara Louw, vertoon deur Nikolas Louw)

SA Vlaam Siertuig 18jr en onder

- Kampioene: Desuhanté Nina (Eienaar - Stefan Basson, vertoon deur Kiara Louw)
- Reserwe Kampioene: Sue (Eienaar - Martin Eksteen, vertoon deur Johanne Kloppers)

SA Vlaam Stap/Draf o/12

- Kampioene: Wynkeldershoek Lente (Eienaar - Julia Valentine, vertoon deur Jana Valentine)
- Reserwe Kampioene: Boetie (Eienaar - Kiara Louw, vertoon deur Nikolas Louw)

SA Vlaam 3-gang b/12 en o/18

- Kampioene: Tango (Eienaar - Krige Liebenberg, vertoon deur Riana Valentine)
- Reserwe Kampioene: Boetie (Eienaar en Vertoner - Kiara Louw

SA Vlaam Stap/draf b/12 en o/18

- Kampioene: Desuhanté Nina (Eienaar - Stefan Basson, vertoon deur Kiara Louw)
- Reserwe Kampioene: Okonjima Lara (Eienaar en Vertoner - Kaila Viljoen)

Die Vlaamperd Telersgenootskap spreek hul opregte dankbaarheid uit teenoor alle deelnemers, ondersteuners, en eienaars vir ’n uitsonderlike skouseisoen. Hulle is opgewonde oor die toekoms en kyk met trots hoe die Vlaamperd jaarliks groei in gehalte, wat die voortbestaan en ontwikkeling van die ras verseker.

Met die sukses van die 2024 Nasionale Kampioenskappe agter die rug, is daar nog net een skou oor vir die jaar – die WP Kersfees Amateur Aandskou. Hierdie unieke geleentheid, wat op 6 en 7 Desember 2024 op die Tulbagh-skougronde plaasvind, beloof om die skoujaar op ’n hoogtepunt af te sluit. Die skoubestuur werk onvermoeid daaraan om elke aspek tot in die fynste besonderhede te beplan en te verseker dat die skou ’n uitsonderlike sukses sal wees.